# HOOFSTUK 21

## DIE EWIGE UITVERKIESING WAARVOLGENS GOD SOMMIGE TOT SALIGHEID, ANDER TOT DIE VERDERF VOORBESTEM HET[1]

### *Inleiding tot en aanduiding van die belangrikheid van die bespreking van die uitverkiesingsleer (Afdeling 1 - 4)*

#### 1. *Kennis van die predestinasieleer is noodsaaklik*

Maar nou is dit inderdaad (so) dat die verbond van die lewe nie sonder
onderskeid onder alle mense verkondig word nie en dat dit nie onder
diegene aan wie dit wel verkondig word, in gelyke graad of altyd aanvaar
word nie. In hierdie verskeidenheid kom die heerlikewonderlike diepte
van God se oordeel aan die lig. Daar kan tewens geen twyfel daaroor be- OC 679
staan dat ook hierdie verskeidenheid die beslissing van God se ewige
uitverkiesing dien nie. As dit dan duidelik is dat dit deur God se
goeddunke geskied dat saligheid sommiges vanself aangebied word OS 369
maar dat ander van die toegang daartoe weerhou word, kom hier dadelik
groot en moeilike vraagstukke na vore wat slegs verklaar kan word as
vroom harte vir seker weet wat hulle van die uitverkiesing en predestina-
sie moet weet. Soos dit vir baie lyk, is dit 'n ingewikkelde vraagstuk,
want hulle dink dat dit glad nie betaamlik is dat uit die hele mensege-
meenskap sommiges tot die saligheid en ander tot die verderf voorbe-

[1] Predestinasie, soos voorsienigheid, was in Calvyn se tyd die onderwerp van dikwels heftige debat en die groot aantal werke en traktate wat Calvyn nodig gevind het om hieroor te skryf, gee 'n aanduiding van die belangrikheid van die vraagstukke betreffende hierdie onderwerpe. In die 1536-uitgawe van die *Institusie* beslaan sy uiteensetting hiervan maar enkele bladsye en is geïnkorporeer onder sy bespreking van die inhoud van die *Apostolicum* onder: "Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk" (vgl. Afr. vert. 1536:143 - 147). Hier is dit verbind aan die kerk en die Christen se roeping. In die 1539-uitgawe ruim hy egter saam met 'n bespreking van die voorsienigheidsleer daarvoor plek in Hoofstuk 8 in (1536:244 - 271) - let wel voor sy bespreking van die gebed. Dit is op sigself 'n verbasende uitbreiding. Dat hy die twee leerstellings hier as 'n eenheid behandel, het Calvyn waarskynlik oorgeneem van Thomas wat sê dat predestinasie 'n deel van voorsienigheid is *Summa Theol.* 1.23.2: ***Praedestinatio est quaedam pars providentiae*** - predestinasie is 'n deel van voorsienigheid (Marietti 1:130). In die 1543 - 1553-uitgawe van die *Institusie* is hierdie leerstellings uitgebrei en in hoofstuk 14 opgeneem. Die betreklik ingrypende redaksie hiervan in die 1559-uitgawe is waarskynlik te wyte aan Calvyn se polemiek met Albertus Pighius van Kampen oor die vrye oordeel en later (vanaf 1557) met Bolsec. Calvyn se ***Defensio sanae et orthodoxae doctrinae*** 1543 (OC 6:233 - 404, opgedra aan Melanchthon) beantwoord die eerste ses hoofstukke van Pighius se ***De libero hominis arbitrio et divina gratia*** van 1542 (opgedra aan kardinaal Sadoletus). Daarna vind Calvyn dit nodig om ook hoofstuk 7 - 10 van Pighius se werk te beantwoord. Dit doen hy in sy ***De aeterna Dei praedestinatione item de providentia qua res humanas gubernat*** wat om besondere redes eers in 1552 gepubliseer is (OC 8:249 - 366). Dit is terselfdertyd 'n antwoord op die Sisiliaanse

stem word nie.[2] Uit die verband sal egter later blyk hoe verkeerd hulle hulle daarmee benadeel. Buitendien kom nie alleen die nuttigheid van hierdie leer nie maar ook die soetste vrugte daarvan juis in die duisternis wat hulle die skrik op die lyf jaag, aan die lig. Ons sal nooit duidelik oortuig wees soos ons behoort te wees dat ons saligheid uit die bron van God se vrye barmhartigheid vloei voordat sy ewige uitverkiesing aan ons bekend geword het nie. Dit illustreer God se genade met die volgende vergelyking: Hy neem nie almal sonder onderskeid tot die hoop op saligheid aan nie, maar Hy gee aan sommige wat Hy vir ander weier. Dit is duidelik hoeveel onkunde van hierdie beginsel God se heerlikheid verminder en hoeveel dit ware ootmoed te kort doen. En tog verklaar Paulus dat dit wat so noodsaaklik is om te weet, nie geken kan word nie tensy God diegene uitverkies wat Hy by Homself besluit het om uit te kies sonder om hulle werke hoegenaamd in ag te neem. Hy sê: "In hierdie tyd sal daar oorblyfsels wees volgens die genadige uitverkiesing. Maar as dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade nie meer genade nie. Maar as dit uit die werke is, is dit nie uit genade nie; anders is die werk geen werk meer nie".[3]

As ons tot die bron van die uitverkiesing teruggeroep moet word, is dit duidelik dat die saligheid ons uit die loutere vrygewigheid van God te beurt val. Diegene wat dit dus wil uitblus, verduister dit wat groots en met volle mond geroem moet word, kwaadwillig sover dit in hulle vermoë is, en hulle ruk ootmoedigheid wortel en tak uit. Wanneer die saligheid van die oorblywende (deel van die) volk aan die vrye uitverkiesing toegeskryf word, getuig Paulus dat dan eers bekend word

monnik en Benediktyner, Georgius Siculus, se aanvalle op Calvyn. In beide hiervan leun Calvyn swaar op Augustinus se werke. Veertiende-eeuse aanhangers van Augustinus soos Thomas Bradwardine en Gregorius van Rimini het weliswaar groot dele van Calvyn se standpunt vooruitgeloop. Die volgende werke was almal daarop gemik om Hieronymus Bolsec (vgl. Afr. vert. 1:38 n. 172) en sy aanhangers se dwalings in verband met vrye oordeel en predestinasie te weerlê: *Congrégation fait en l'Eglise de Gèneve, par Jean Calvin, en laquelle la matière de l'élection éternelle de Dieu fut sommairement et clairement déduite par luy et ratifiée d'un commun accord par se frères ministres* 1551 (OC 8:85 - 140) Vgl. in verband hiermee die dokumente in die *Procès de Bolsec*, (OC 8:145 - 248) en ook in Fazy, *Procès de Jérome Bolsec: Brevis responsio ad diluendas nebulonis cuiusdam calumnias quibus doctrinam de aeterna Dei praedestinatione foedare conatus est* 1557 (OC 9:253 - 266); *Calumniae nebulonis cuiusdam quibus odio et invidia gravare conatus est doctrinam ... de occulta Dei providentia, I. Calvini responsio* 1558 (OC 9:269 - 318); *Treze sermons traitans de l'élection gratuite de Dieu en Iacob et de la reiection en Esau* 1562 (OC 58:17 - 198); *Response à certaines calomnies et blasphèmes dont quelques malins s'efforcent de rendre la doctrine de la Predestination odieuse* 1562 (OC 58:199 - 206). Twee werke wat steeds die onderwerp deeglik hanteer, is A.D.R. Polman, *De praedestinatieleer van Augustinus*, Thomas van Aquino en *Calvijn, een dogma-historische studie*, Franeker, T. Wever N.v., 1936 en F. Wendel, *Calvin*, 199 - 216.

[2] Vgl. Erasmus, *De lib. arb.* (OOE 9:1215 -1248); Pighius, *De lib. arb.* 7: fo. 114 e.v.; *Actes du procès ... à J. Bolsec* (OC 8:145).

[3] Marg. *Rom. 11.a.5*; vgl. ook vers 6, OC 49:256 - 257 en Thomas se vertolking hiervan in sy *Summa Theol.* 1,2.114.5 (Marietti 2:599).

dat God uit loutere welbehae diegene salig maak wat Hy wil, maar dat Hy geen loon betaal nie omdat Hy geen loon verskuldig kan wees nie. Diegene wat die deur hiervoor sluit sodat niemand hierdie leer durf smaak nie, doen mense net so 'n groot onreg as vir God aan, want niks anders sal voldoende wees om ons na behore te verneder nie, nog sal ons van harte voel watter verpligting ons teenoor God het. Ons het trouens niks anders waarop ons vas kan vertrou nie en dit is ook op Christus se gesag gegrond. Om ons te midde van soveel gevare, lokvalle en dodelike stryd van alle vrees te bevry en onoorwinlik te maak, beloof Hy dat alles veilig sal wees wat Hy ter bewaring van sy Vader ontvang OS 370 het.[4] Hieruit maak ons die afleiding dat almal wat nie weet dat hulle aan God behoort nie, vanweë voortdurende vrees in ellende verkeer en dat hulle eie sowel as ander gelowiges se belange hulle baie swak ter harte gaan omdat hulle blind is vir die drie voordele wat ons vermeld het,[5] en hulle begeer om die basis van ons saligheid uit ons midde weg te ruim. Wat dan daarvan dat die kerk juis hieruit na vore kom terwyl dit, soos Bernardus tereg leer, andersins nie gevind en ook nie onder die skepsels OC 680 geken sou kon word nie, want op beide wonderbaarlike wyses lê dit verborge in die skoot van die geluksalige predestinasie en in die massa van die ellendige verdoemenis.[6]

Maar voordat ek die onderwerp self aanpak, moet ek eers ter inleiding tweesydig met twee groepe mense praat.

Mense se nuuskierigheid maak die bespreking van die predestinasie baie verward en daarom ook gevaarlik aangesien dit op sigself reeds ietwat moeilik is. Dit kan deur geen grendels weerhou word om op verbode omweë rond te dwaal en die hoogte in te bars waar hierdie nuuskierigheid, as dit moontlik is, niks vir God verborge sal laat sonder om dit te ondersoek en te ontrafel nie. Aangesien ons merk dat so baie mense en onder hulle ook sommige wat andersins nie goddeloos is nie,[7] hulle oral in hierdie vermetelheid en skaamteloosheid begewe, moet hulle betyds vermaan word wat hulle plig in hierdie opsig is.

4 Marg. *Iohan. 10.e.25* (*recte*: Joh. 10:28 - 29). Vgl. OC 47:248 - 249.

5 Dit hou God se vrye barmhartigheid, sy heerlikheid en ons ootmoed in (vgl. Pannier, *Inst.* 3:293 en 294); aan die ander kant lewer die predestinasieleer die versekering dat God absoluut soewerein is; dat gelowiges die saligheid uit louter genade en nie deur die verdienste van hulle werke verkry nie en dat gelowiges verseker kan wees van hulle saligheid. Calvyn se opvatting is nie predestinasiesentries nie maar bly Christosentries; die voorbestemming van gelowiges tot saligheid is die uitvloeisel van die geloof alleen in die absolute soewereiniteit van God en in die soenverdienste en die genade van Christus as Middelaar waarin predestinasie nie die vertrekpunt nie maar die eindpunt is.

6 Marg. *Serm. in Can. 78*; Bernardus, *In cant. sermo* 78.4 (MPL 183:1161).

7 Die stelling het klaarblyklik betrekking op Zwingli. Dit is reeds in die 1539-uitgawe van die *Institusie* opgeneem na die verskyning van Zwingli se *De providentia*, waarin hy hoofsaaklik die predestinasie behandel het - 'n werk wat vir Calvyn vol onaanvaarbare harde paradokse was (OC 14:253). Bolsec het hom in 1551 op hierdie werk beroep soos uit 'n brief van Bullinger aan Calvyn blyk (OC 14:215 *Ep.* 1565).

Ten eerste moet hulle daarom daaraan dink dat wanneer hulle die predestinasie ondersoek, hulle die heiligdomme van God se wysheid binnedring en as iemand onbesorg en vol selfvertroue daarin inbars, sal hy niks kry om sy nuuskierigheid te versadig nie en hy sal 'n doolhof betree waarvan hy die uitgang nie sal vind nie.[8] Dit is immers nie reg dat A 336
die mens ongestraf iets ondersoek wat die Here in Homself verborge wou laat nie. Dit is ook nie reg dat hy die verhewenheid van God se wysheid wat volgens sy wil aanbid en nie begryp moet word nie sodat Hy ook daardeur vir ons bewonderenswaardig sou word, selfs van die ewigheid af sou ondersoek nie. Die verborgenhede van sy wil wat Hy besluit het om aan ons bekend te stel, het Hy deur sy Woord aan ons geopenbaar. Hy het egter besluit om soveel daarvan te openbaar as waarvan Hy voorsien het dat dit in ons belang en tot ons voordeel is.

## 2.. *Die Woord van God is die enigste pad waarvolgens ons die dinge wat ons van God moet weet, kan ondersoek*

Augustinus sê: "Ons het die pad van die geloof bereik. Nou moet ons met volharding daarop hou. Dit voer ons na die kamer van die Koning waarin al die skatte van kennis en wysheid verborge is. Die Here OS 371
Christus self was immers nie afgunstig op sy groot en uitgekose dissipels nie toe Hy gesê het: 'Ek het baie om aan julle te sê maar julle kan dit nie nou dra nie.'[9] Ons moet in die geloof voortgaan, ons moet vorder, ons moet groei sodat ons harte bevatlik kan wees vir die dinge wat ons nie kan bevat nie. As die laaste dag ons vind terwyl ons daarin vordering maak, sal ons daar leer wat ons hier nie kon leer nie".[10]
As hierdie gedagte vir ons iets beteken, naamlik dat die Woord van die Here die enigste pad is wat ons daarheen kan lei om die dinge te ondersoek wat ons geoorloof is om aangaande Hom te weet, dat dit die enigste lig is wat sy lig voor ons kan laat skyn om raak te sien wat ons van

[8] Die beeld van 'n doolhof, 'n labirint en 'n afgrond kom baie dikwels by Calvyn voor. Vgl. o.a. sy *Com. in Rom.* 9:14: *Est enim praedestinatio Dei vere labyrinthus, unde hominis ingenium nullo modo se explicare queat* (OC 49:180): Want die predestinasie van God is waarlik 'n doolhof waaruit die mens se verstand hom glad nie kan loswikkel nie; sy *Com. in Ephes.* 1:4: *Ubi sunt qui praedestinationis doctrinam horrent ac fugiunt, tanquam inextracibilem labyrinthum; imo qui non modo inutilem, sed prope noxiam existimaverunt?* (OC 51:148): Waar is nou diegene wat van die predestinasieleer terugdeins en daarvan wegvlug asof dit 'n doolhof sonder uitweg is; ja, wat hierdie leer nie alleen as waardeloos nie maar bykans as skadelik beskou? Vgl. ook sy preek hieroor in OC 51:259 e.v. (veral 261: *c'est un abysme trop profond, que ton conseil, nul ne le peut raconter*) en sy preek oor 1 Sam. (OC 30:438): *Si velimus ex humanae rationis sensu inquirere ... certum est nos in labyrinthum ex quo non detur exitus casuros...* - as ons dit na aanleiding van die gevoel van die menslike rede wou ondersoek, is dit seker dat ons in 'n labirint sal verval waaruit geen uitkoms ons gebied sal word nie.

[9] Marg. *Iohan. 8.d.26 (recte* 1561: *Iohan. 16.b.12*). Vgl. OC 47:361 - 363.

[10] Marg. *August. homil. in Iohan. 53* (*recte*:35). Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. Tract.* 53.7 (MPL 35:1777). Hierdie verwysing staan verkeerd hierbo voor die Johannesverwysing.

Hom moet raaksien, sal dit ons maklik van alle roekeloosheid weerhou en beteuel. Want ons sal weet dat, sodra ons die eerste keer die grense van die Woord te buite gaan, ons weg van die pad af in die donker loop, waar ons noodwendig moet dwaal, moet val en ons herhaaldelik moet stamp. Laat dit ons derhalwe ten eerste voor oë staan dat dit geen geringer kenmerk van waansinnigheid is om kennis van die predestinasie te verkry anders as wat die Woord van God verduidelik, as wat dit is as iemand op 'n ompaadjie koers vat en in die donker wil sien nie. Ons moet ons trouens nie skaam om iets van hierdie onderwerp, waarin daar 'n sekere geleerde onkunde bestaan, nie te weet nie.[11] Ja, laat ons ons eerder met graagte weerhou van die soeke na kennis - die vurige OC 681 begeerte waarna sowel dwaas as gevaarlik en selfs dodelik is. Maar as die losbandigheid van ons verstand ons wel daartoe aanhits, sal dit altyd nuttig wees om daarteenoor die volgende te stel om dit af te stomp, naamlik dat net soos te veel heuning nie goed is nie, so strek die ondersoek na die heerlikheid nuuskieriges nie tot eer nie.[12] Daar is immers 'n rede waarom ons van so 'n vermetelheid afgeskrik moet word, omdat dit tot niks anders kan lei as om ons in die verderf te laat stort nie.

### 3. *Die tweede gevaar: stilswye oor die predestinasieleer is gevaarlik; daar is egter perke op die ondersoeke daarvan*

Daar is ook ander mense wat, wanneer hulle hierdie euwel wil genees, sê dat alle vermelding van die predestinasie bykans begrawe moet word. Hulle leer in elk geval dat ons enige ondersoek na hierdie onderwerp soos 'n rots op see moet vermy.[13] En hoewel hulle beskeidenheid hierin tereg prysenswaardig is, omdat hulle van mening is dat God se geheimenisse met so 'n groot nugterheid aangeroer moet word, maak hulle weinig vordering in die mens se verstand, wat hom nie somaar so aan bande laat lê nie, omdat hulle te ver benede die maat daarvan afsak. Om dus ook in hierdie afdeling grondig aan die maat te hou sal ons na

[11] *Docta ignorantia.* Die uitdrukking het by Augustinus ontstaan, wat dit aanvul: *docta ignorantia, sed docta Spiritu Dei* (geleerde onkunde maar geleer deur die Gees van God); vgl. sy *Ep. (Ad Probam)* 130.15.28 (MPL 33:505).

[12] Marg. *Prov. 25.d.27.* In die 1539-uitgawe is dit: Hy wat die majesteit ondersoek, word deur die heerlikheid daarvan onderdruk; vgl. ook 1536, 1.88; OAV: Om baie heuning te eet is nie goed nie, maar om swaar sake na te speur is 'n eer; NAV: Om te veel heuning te eet, is nie goed nie, ook nie om eer te bly soek nie.

[13] Calvyn verwys waarskynlik na Melanchthon en die amptenare van Bern wat verkies het dat die predestinasieleer liewer nie bespreek word nie. Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1535 (CR 21:452). Zwingli het selde indien ooit in sy preke hiervan melding gemaak. Bucer weer was dit met Calvyn eens dat dit 'n besondere aspek van die geloofsleer is waaroor gelowiges sekerheid moes hê. Vgl. sy *Enar. in ev.* 1536:672: *Satis constat illos nescire quid dicant, qui negant ista* (i.e. *praedestinationem) palam praedicanda*: Dit is duidelik genoeg dat diegene wat sê dat daar nie oor die predestinasie gepreek moet word nie, nie weet wat om te sê nie.

die Woord van die Here moet terugggaan, omdat ons daarin 'n vaste reël het om dit te verstaan. Die Skrif is immers die Heilige Gees se skool. OS 372 Soos daarin niks weggelaat is om te weet wat noodsaaklik en nuttig is nie, word daarin ook niks geleer wat nie voordelig is om te weet nie.[14] Ons moet dus waak dat ons gelowiges nie weghou van wat ook al in die Skrif oor die predestinasie vorendag kom nie, sodat dit nie miskien die indruk wek dat ons hulle òf kwaadwillig beroof van 'n weldaad van hulle God òf dat ons die Gees beskuldig of aankla omdat Hy dinge bekend gestel het wat liewer onderdruk moet word.

Ek herhaal: ons moet 'n Christen toelaat om sy gedagtes en sy ore oop te maak vir al die woorde van God wat tot hom gerig word, mits dit met so 'n selfbeheersing is dat, sodra die Here sy heilige mond sluit, hy vir homself ook hierdie ondersoekpad sal sluit. Dit sal die heel beste maat van nugterheid wees as ons God altyd volg wanneer Hy ons in sy onderwysing voorgaan maar dat ons moet ophou om wys te wil wees wanneer Hy ophou om ons te onderwys. Die gevaar[15] wat hulle vrees, is ook nie van soveel belang dat ons ons verstand daarom van God se uitsprake moet afwend nie. Daar is 'n bekende verklaring van Salomo dat dit God se eer is om 'n woord te verberg.[16] Maar aangesien godsvrug en ons gewone gewaarwording aan ons voorsê dat dit nie sonder onderskeid van alle sake verstaan moet word nie, moet ons die onderskeiding soek om nie onder die skyn van beskeidenheid en nugterheid met onnosele onkunde tevrede te wees nie. Dit word trouens duidelik in 'n paar woorde deur Moses uitgedruk wanneer hy sê: "Die verborge dinge is vir ons God; Hy het hierdie dinge egter aan ons en ons kinders geopenbaar". Ons sien trouens dat hy die volk aanraai om die wet slegs vanweë die hemelse besluit ywerig te leer omdat dit God behaag het om

[14] Calvyn sowel as Bucer het hulle volkome afhanklikheid van die Skrif, nie net vir kennis in verband met die predestinasie nie, deurgaans sterk beklemtoon. So skryf Calvyn byvoorbeeld nederig aan Socinus: As iemand dit ooit gedoen het, dan het ek ten minste altyd van paradokse teruggedeins en slim redenasies het my nooit geval nie. Niks sal my ooit verhinder om eerlik te verkondig wat ek uit God se Woord geleer het nie. In hierdie Leermeester se skool word immers niks anders as wat vir ons voordelig is, geleer nie. Dit is en sal altyd vir my die enigste maatstaf van wysheid wees, naamlik om met die eenvoudige leer daarvan tevrede te wees: *Ego certe, si quis alius, semper a paradoxis abhorrui et argutiis minime delector. Sed nihil me unquam impediet quin profitear ingenue quod ex Dei verbo didici. Nihil in eius magistri schola nisi utile traditur. Illa mihi unica est, perpetuoque futura est, sapiendi regula: in simplici eius doctrina acquiescere* (*Ep.* 1578 OC 14:230). Bucer gee dieselfde opvatting weer in sy *Metaphr. epist. Pauli* 1536:399: *Quae praecipit nobis (Deus) atque consulit, ea debemus simpliciter amplecti, nusquam inquirere vel causam eorum quae jubemur, ultra eas quas Deus ipse verbo suo explicat, vel etiam congruentiam eorum cum aliis eius factis et dictis*: Wat God ons voorskryf en wat Hy in ons belang ag, moet ons doodeenvoudig aanvaar, en nêrens soek òf na die oorsaak van dinge wat ons beveel word, met uitsondering van die wat God self in sy Woord aan ons verduidelik, òf na die ooreenstemming van die dinge met sy ander handelwyses en woorde nie.

[15] Fr. 1541 e.v.: + *ces bonnes gens dont nous avons parlé* (Benoit 3:408 - 409).

[16] Marg. *Prov. 25.a.2* (Spr. 25:2).

dit af te kondig, maar dat hy dieselfde volk binne hierdie perke hou net omrede dit sterflikes nie geoorloof is om God se verborgenhede binne te dring nie.[17]

### 4. *'n Weerlegging van die beswaar dat onheiliges met hierdie leer die spot sou dryf*

Ek erken dat onheiliges[18] vinnig iets in die predestinasieleer aangryp om dit uitmekaar te pluk, te belaster, daaroor te blaf of dit te bespot. Maar as hulle voortvarendheid ons afskrik, sal ons al die belangrikste punte van ons geloof moet wegsteek omdat hulle of mense soos hulle feitlik niks onbelaster laat nie. 'n Mens met 'n weerbarstige geaardheid sal hom met OC 68 ewe veel vermetelheid verhef wanneer hy hoor dat daar drie Persone in die Wese van God aanwesig is as wanneer hy hoor dat God voorsien het wat met die mens sal gebeur toe Hy hom geskep het. Hulle sal hulle lag ook nie kan hou wanneer hulle verstaan dat 'n bietjie meer as vyfduisend jaar sedert die skepping van die wêreld verloop het nie, want hulle sal vra waarom God se krag so lank onaktief en sluimerend was.[19] Kortom: OS 37 ons sal niks kan aanvoer wat hulle nie met bespotting sal aanval nie. Moet ons dan oor die Godheid van die Seun en die Gees swyg om hierdie heiligskennis aan bande te lê? Of moet ons die skepping van die wêreld agterweë laat deur daaroor te swyg? Nee, die waarheid van God is A 337 in hierdie onderwerp en oral te kragtig om vir die kwaadstokery van goddelose mense terug te deins, soos Augustinus ook in sy werkie oor die deug van volharding kragtig aanvoer.[20] Ons sien immers dat vals apostels nie in staat was om Paulus te laat skaam kry oor die waarheid van sy leer toe hulle probeer het om dit te belaster en verdag te maak nie. Hulle stelling dat hierdie hele bespreking ook vir vroom gemoedere gevaarlik is omdat dit in stryd is met die vermanings, omdat dit die geloof laat wankel, omdat dit die hart self verwar en moedeloos maak, is ongegrond. Augustinus verklaar openlik dat hy gewoonlik juis om hierdie redes berispe moet word omdat hy die predestinasie met te groot vrymoedigheid verkondig, maar - en dit was vir hom maklik - hy weerlê hierdie redes oorvloedig.[21] Omdat baie en uiteenlopende onsinnige opvattings egter hierteen ingebring word, het ek verkies om dit

[17] Marg. *Deut. 29.d.29.*

[18] Fr. 1541 e.v.: + *les meschans et blasphêmateurs* (Benoit 3:409).

[19] Vgl. *Inst.* 1.14.1 (Afr. vert. 1:258 - 260).

[20] Marg. *Cap. 15. usque ad 20.* Vgl. Augustinus, *De dono perseverantiae* 15 - 20 (MPL 45:1016 e.v.); Melanchthon, *Loci com.* (CR 21:330 - 332, 450 - 453).

[21] Marg. *De bono persever. cap. 14.* Vgl. Augustinus, *De dono perseverantiae* 14 - 20 (MPL 45:1013 - 1026).

terug te hou om elkeen op die regte plek daarvoor te weerlê.[22] My volle begeerte is slegs om van hulle te verkry dat ons nie moet ondersoek wat die Here in die verborgene verborge wou laat nie en dat ons dit wat Hy aan die lig gebring het, nie moet veronagsaam om nie van uitermatige nuuskierigheid aan die een kant en uitermatige ondankbaarheid aan die ander kant verdoem te word nie. Want Augustinus het ook verstandig gesê dat ons die Skrif veilig kan volg, omdat dit as 't ware met 'n moeder se treë saggies voor ons uitgaan om ons swakheid nie agter te laat bly nie.[23]

Met watter kleure, vra ek jou, sal diegene wat inderdaad so versigtig en so bang is dat hulle die predestinasie liewer verduister wil hê om te voorkom dat dit swak geeste verwar, hulle verwaandheid bedek,[24] aangesien hulle God tog van 'n kant af van dwase onbedagsaamheid beskuldig omdat Hy dan nie die gevaar sou voorsien het wat hulle, soos dit vir hulle lyk, verstandig voorkom het nie? Wie dus ook al die predestinasieleer met nyd beswaar, belaster God openlik net asof iets ondeurdags Hom ontgaan het wat vir die kerk skadelik is.

### *'n Definisie en bespreking van predestinasie volgens die Ou Testament (Afdeling 5 - 7)*

### 5. *Predestinasie en die voorkennis van God: die uitverkiesing van Israel*

Niemand wat as 'n vroom mens beskou wil word, durf die predestinasie waarvolgens God sommige mense tot die hoop op die lewe aanneem en ander tot die ewige dood veroordeel, doodeenvoudig ontken nie. Maar OS 374
veral diegene wat (God se) *voorkennis* die oorsaak daarvan maak, maak dit met baie spitsvondighede ingewikkeld.[25] Ons stel beide weliswaar in God, maar ons verklaar dat dit voorbarig is dat die een aan die ander ondergeskik gestel word. Wanneer ons *voorkennis* aan God toeskryf,[26]

[22] Vgl. *Inst.* 3.23 (Afr. vert. 3: 1191 - 1211) hieronder.

[23] Marg. *Lib. 5. De Gene. ad literam.* Vgl. Augustinus, *De Genesi ad litteram* 5.6 (MPL 34:323).

[24] Die verwysing is waarskynlik eerder gemik op die raad van Bern wat die raad van Genève in 1551 versoek het om die bespreking van die predestinasieleer te staak omdat dit nie tot die rus en vrede van die kerk bydra nie (OC 8:240 e.v.).

[25] Vgl. Pighius, *De lib. arb.* 4: fo. 64b e.v.; 9.2: fo. 159b; *Inst.* 3.22.1 - 8; 3.23.6 (Afr. vert. 3: 1172 - 1185; 1198 - 1200) en Wendel, 271.

[26] Calvyn onderskei duidelik tussen *predestinasie* en *voorkennis* anders as Bucer wat die twee as een beskou; vgl. Bucer, *Metaphrases ep. Pauli* 1536, p. 355. Vgl. ook Calvyn se preke oor Jakob en Esau (OC 58:39 - 41): *Beaucoup de canailles n'osent pas nier plat et court, l'élection de Dieu, ils veulent qu'il y ait une cause supérieure, c'est assavoir sa prescience ... car il cognoist le bien qui n'y est pas encore, mais qui y doit estre. Or telles gens n'ont pas une goutte de crainte de Dieu ...Si cela est, il s'ensuit que Dieu n'a rien prévеu en nous ... Car Dieu il ne voit en nous que corruption...qu'il n'est*

bedoel ons daarmee dat alles altyd onder sy oë was en dat dit voortdurend onder sy oë sal bly, sodat sy kennis geen toekoms of verlede het nie OC 683 maar dat alles daarvoor teenwoordige tyd is. Dit is inderdaad so teenwoordige tyd dat Hy dit nie alleen met denkbeelde voorstel soos die dinge ons teenkom wat ons verstand in geheue hou nie, maar dat Hy hulle werklik sien en aanskou asof hulle voor Hom geplaas is. En hierdie voorkennis strek oor die hele wêreld en oor alle skepsels.

*Predestinasie* noem ons die ewige besluit van God waarvolgens Hy by Homself vasgestel het wat Hy wil hê dat met elke mens moet geskied.[27] Want alle mense word nie onder dieselfde toestand geskep nie, maar vir sommige is die ewige lewe en vir ander die ewige verdoemenis voorbestem. Namate elkeen dus vir die een of die ander doel geskep is, sê ons dat hy òf vir die lewe òf vir die dood voorbestem is. God het dit trouens nie alleen in mense afsonderlik getuig nie maar 'n voorbeeld hiervan in die hele nageslag van Abraham gegee, sodat daaruit duidelik sou word dat dit in sy goeddunke geleë is wat die toestand van elke volk sal wees.

Toe die Allerhoogste die volke verdeel en die kinders van Adam van mekaar geskei het, was die Israeliete sy deel en die snoer van sy erfenis.[28] Hier is die afsondering vir almal om te sien. In die persoon van Abraham wordsoos in 'n droë stomp een volk in besonder uitverkies en ander volke verwerp. Die rede hiervoor kom inderdaad nie aan die lig nie behalwe dat Moses leer dat hulle slegs in God se onverdiende liefde bo ander uittroon om daardeur alle stof tot roem van sy nageslag weg te neem. Die rede vir hulle verlossing skryf hy tewens daaraan toe dat God hulle vaders liefgehad het en hulle saad na hulle uitverkies het.[29] In 'n ander hoofstuk stel hy dit nog uitdrukliker: "Nie omdat julle ander volke in getalle oortref het, het Hy 'n welgevalle in julle gehad om julle uit te kies nie, maar omdat Hy julle liefgehad het".[30] Dieselfde vermaning word baie dikwels by hom herhaal: "Kyk, die hemel, die aarde en alles wat daarop is, behoort aan die Here, jou God. En slegs in jou vaders het OS 375 Hy 'n welgevalle gehad en Hy het hulle liefgehad en Hy het julle, hulle saad, uitverkies".[31] Net so word elders heiligmaking aan hulle voorge-

*pas question de rien mettre en avant de nostre costé...comme si nous avions quelque valeur et dignité en nous. ("Sinon") il faudroit faire partage, et savoir ce qui seroit à Dieu et ce qui seroit à l'homme. Et alors on pourroit dire, que nous n'avons pas le tout de la miséricorde de Dieu* ... Vgl. Wendel, 272 e.v. vir die verband tussen predestinasie en God se voorkennis.

[27] Vgl. *Inst.* 3.7 (Afr. vert. 3:883 - 896) hierbo en Wendel, 211 e.v.

[28] Marg. *Deut. 32.b.8.* Vgl ook Deut. 32:9. OAV: Want die Here se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel; NAV: Hulle is die Here se volk, sy deel, Jakob is die Here se vaste eiendom.

[29] Marg. *Deut. 4.f.37.*

[30] Marg. *Deut. 7.b.8.* Vgl. ook vers 7.

[31] Marg. *Deut. 10.c.14.* Vgl. ook vers 15.

skryf omdat hulle as 'n besondere volk uitverkies is.[32] En elders word weer eens verklaar dat sy liefde die oorsaak van sy beskerming is.[33] Dit verkondig gelowiges ook eenstemmig: "Hy kies vir ons ons erfdeel uit, die heerlikheid van Jakob wat Hy liefgehad het."[34] Want die gawes waarmee hulle deur God versier is, skryf hulle alles aan sy onverdiende liefde toe - nie alleen omdat hulle geweet het dat hulle dit met geen verdienstes verwerf het nie maar ook dat selfs nie eens hulle aartsvader hierdie deug gehad het om vir homself en vir sy nageslag so 'n groot voorreg van eer te verwerf nie. En om al hulle hooghartigheid nog kragtiger te verbrysel verwyt hy hulle dat hulle so iets nie verdien het nie aangesien hulle 'n halsstarrige en hardnekkige volk is.[35] Die profete werp die Jode hierdie uitverkiesing dikwels tot hulle skande en oneer voor die kop omdat hulle skandelik daarvan afgewyk het.[36]

Hoe dit ook al sy: laat diegene nou na vore kom wat God se uitverkiesing òf aan die mens se waardigheid òf aan die verdienstes van sy werke wil verbind.[37] Sal hulle, ten spyte daarvan dat hulle sien dat een volk bo alle ander volke gestel word, en ten spyte daarvan dat hulle hoor dat God in geen opsig daartoe gebring is om tot hierdie klein en onaansienlike en verder selfs ook verkeerde en ongehoorsame volk geneë te wees nie, nog met Hom twis omdat Hy so 'n bewys van sy barmhartigheid wou gee? En tog sal hulle met hulle weerbarstige woorde God se werk nie OC 684 verhinder nie, en al gooi hulle ook die klippe van hulle skelwoorde ten hemele, sal hulle sy geregtigheid nie tref of skade aandoen nie; inteendeel, dit sal eerder op hulle eie koppe terugval.

Ook wanneer hulle aan God dank moet betoon of wanneer hulle hoop vir die toekoms moet skep, word die Israeliete na hierdie beginsel van die genadeverbond[38] teruggeroep. So sê die profeet byvoorbeeld: "Hy het ons gemaak en nie ons self nie; ons is sy volk en die skape van sy wei- A 338 ding".[39] Die ontkenning *en nie ons self nie* wat bygevoeg word om ons uit te sluit, is nie oorbodig nie maar is bygevoeg sodat hulle kan weet dat God nie alleen die Gewer van alle goeie dinge waarin hulle uitmunt, is nie maar dat Hy die rede daarvoor uit Homself geput het omdat daar in hulle niks was wat so 'n groot eer waardig was nie. Met die volgende woorde beveel hy hulle om met God se loutere welbehae tevrede te wees: "Saad van Abraham, sy kneg; kinders van Jakob, sy uitverkore-

[32] Vgl. Deut. 7:6 - 8.
[33] Marg. *Deut. 23.a.5.* Vgl. Deut. 23:5 Vg.
[34] Marg. *Psal. 47.a.5.* Vgl. OC 31:468 - 469.
[35] Marg. *Deut. 9.b.6.*
[36] Vgl. Amos 3:2. Fr. 1560: + *par leur ingratitude* (Benoit 3:412).
[37] Vgl. Pighius, *De lib. arb.* 7: fo. 117a; 8.2: fo. 136b.
[38] Vgl. *Inst.* 1.6.1; 2.10.1; 3.14.6; 3.17.6 (Afr. vert. 1:149 - 150; 2:570 - 571; 3:985 - 986; 1027 - 1029) en afdelings 6 en 7 hieronder.
[39] Marg. *Psal. 95.b.7* (*recte*:Ps. 100:3). Vgl. OC 32:55.

nes!"[40] En nadat hy die voortdurende weldade van God as die vrug van hulle uitverkiesing opgenoem het, sluit hy eindelik af daarmee dat God so milddadig gehandel het omdat Hy sy verbond onthou het.[41] Die lied van die hele kerk stem ook met hierdie leer ooreen: "U regterhand en die lig van u aangesig het die land aan ons vaders gegee omdat U 'n welbehae in hulle gehad het".[42] Ons moet trouens daarop let dat waar die OS 376 land vermeld word, daarin 'n sigbare teken van die verborge afsondering is waarin hulle aanneming vervat is. Elders spoor Dawid die volk tot dieselfde dankbaarheid aan: "Geluksalig is die volk wie se God die Here is, die volk wat Hy tot 'n erfenis vir Hom uitverkies het".[43] Samuel bemoedig hulle inderdaad: "God sal julle om sy groot Naam ontwil nie verlaat nie omdat dit Hom behaag het om van julle vir Hom 'n volk te maak".[44] So bewapen Dawid homself ook tot die stryd wanneer sy geloof aangeval word: "Geluksalig is hy wat U uitverkies het; hy sal woon in u voorhowe".[45]

Omdat die verkiesing wat in God verborge is, egter deur die eerste sowel as deur die tweede verlossing en die ander weldade wat tussenbeide kom, bekragtig is, word die woord *verkies* deur Jesaja ook daarop oorgedra:[46] "God sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies".[47] Hy dui immers op die toekoms en sê dat die versameling van die oorgeblewe volk wat Hy skynbaar verwerp het, 'n teken sal wees van sy vaste en sekere verkiesing wat skynbaar meteens verdwyn het. Ook wanneer elders gesê word: "Ek het jou uitverkies en jou nie verwerp nie",[48] prys Hy die voortgesette gang van die uitsonderlike vrygewigheid van sy vaderlike goedertierenheid aan. Die engel by Sagaria stel dit nog duideliker: "God sal Jerusalem nog verkies".[49] Dit is asof Hy hom deur sy baie gestrenge teregwysing verwerp het of asof die ballingskap 'n onderbreking van hulle uitverkiesing was. Dit bly nogtans ongeskonde al sou die tekens daarvan nie altyd duidelik na vore kom nie.

### 6. *Maar ook uit Israel het God sommiges uitverkies en ander verwerp*

Hierby moet ons 'n tweede graad uitverkiesing byvoeg wat beperkter is

[40] Marg. *Psal. 105.a.6.* Vgl. OC 32:100.
[41] Vgl. Ps. 105:42 en OC 32:114.
[42] Marg. *Psal. 44.a.4.* Vgl. OC 31:438 - 439.
[43] Marg. *Psal. 33.c.12.* Vgl. OC 31:330.
[44] Marg. *1. Sam. 12.d.22.*
[45] Marg. *Psal. 65.a.5.* Vgl. OC 31:605 - 606.
[46] Fr. 1560: *Le mot d'Elire s'applique quelque fois à ces tesmoignages patens, qui toutesfois sont au dessous de l'élection. Comme en Isaie* (Benoit 3:413).
[47] Marg. *Iesa. 14.a.1.* Vgl. OC 36:272 - 273.
[48] Marg. *Iesa. 41.c.9.* Vgl. OC 37:40 - 41.
[49] Marg. *Zach. 2.d.12.*

of waarin God se meer besondere genade sigbaar is, want uit dieselfde geslag van Abraham het God sommiges verwerp en getoon dat Hy ander onder sy kinders hou deur hulle in sy kerk te koester. Ismael het aanvanklik dieselfde graad as sy broer Isak gekry omdat die geestelike verbond net sowel in hom deur die teken van die besnydenis beseël is. Hy word verwerp, daarna ook Esau en uiteindelik 'n ontelbare menigte en amper die hele Israel. In Isak is die saad geroep, en dieselfde roeping het ook in Jakob voortgeduur. Deur Saul se verwerping het God 'n dergelike voorbeeld gegee soos ook skitterend in die psalm verkondig OC 685 word: "Hy het die stam van Josef verwerp en die stam van Efraim nie uitverkies nie; maar Hy het die stam van Juda uitverkies".[50] En die heilsgeskiedenis herhaal dit ook telkens om in hierdie verandering die wonderbaarlike geheimenis van God se genade beter te laat blyk. Deur hulle eie gebrek en skuld, erken ek, het Ismael, Esau en dergelikes van hulle aanneming afvallig geword, want die voorwaarde is aan hulle gestel dat hulle God se verbond getrou moes eerbiedig, maar hulle het dit troueloos geskend. Dit was nogtans 'n besondere weldaad van God dat Hy Hom verwerdig het om hulle bo ander volke te stel. In die psalm OS 377 word byvoorbeeld gesê: "So het Hy nie aan ander volke gedoen nie, en sy oordele het Hy nie aan hulle geopenbaar nie".[51].

Die feit dat ons hier op twee grade van uitverkiesing moet let, het ek nie sonder rede gesê nie, want reeds in die uitverkiesing van 'n hele volk het God getoon dat Hy in sy loutere vrygewigheid deur geen wette gebind word nie maar dat Hy vry is, sodat ons glad nie van Hom 'n gelyke verdeling van sy genade moet eis nie. Juis hierdie ongelykheid toon aan dat dit self vry is. Daarom vergroot Maleagi Israel se ondankbaarheid nie alleen omdat hulle uit die hele mensdom uitverkies is nie maar ook omdat hulle uit 'n heilige huis as sy eiendom afgesonder is en omdat hulle God, so 'n milddadige Vader, troueloos en goddeloos minag. Hy sê: "Was Esau nie Jakob se broer nie? En tog het ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat".[52] Hoewel albei uit die heilige vader gebore is en elkeen van hulle 'n opvolger van die verbond; kortom: hoewel beide 'n tak van die heilige wortel was, neem God nogtans as vas en seker aan dat die kinders van Jakob nie weinig aan Hom verskuldig was nie, omdat hulle tot so 'n waardigheid aangeneem is. Maar aangesien Esau, die eersgeborene, verwerp is, en hulle vader die een wat van nature die mindere was, erfgenaam gemaak het, kla Hy hulle van dubbele ondankbaarheid aan en kla dat hulle nie deur die dubbele band teruggehou is nie.

[50] Marg. *Psal. 78.g.69* (*recte*: Ps. 78:67, 68). Vgl. OC 31:743 - 745.
[51] Marg. *Psal. 47.d.20* (*recte*: Ps. 147:20).
[52] Marg. *Malach. 1.a.2.* Vgl. ook vers 3.

## 7. *Die uitverkiesing is in Christus volbring*

Hoewel dit nou reeds duidelik genoeg is dat God volgens sy verborge raadsplan diegene vry uitverkies wat Hy wil, en ander verwerp, is sy genadige uitverkiesing nog maar net halfpad verduidelik totdat ons by elke mens afsonderlik kom aan wie God nie alleen die saligheid aanbied nie maar dit ook so beseël dat die sekerheid van die gevolge daarvan nie onseker of twyfelagtig is nie.[53] Hulle word gereken in daardie enige saad waaraan Paulus ons herinner.[54] Hoewel die aanneming immers in Abraham se hande gelaat is, is daar nogtans baie van sy nakomelinge as verrotte ledemate weggesny. Om die uitverkiesing egter kragtig en waarlik bestendig te laat wees moet ons opstyg tot die Hoof, in wie die hemelse Vader sy uitverkorenes versamel het en met 'n onbreekbare band aan Hom verbind het. So het die milddadige guns van God wat Hy ander ontsê het, wel in die aanneming van Abraham se geslag geblink. In Christus se lede skitter die krag van sy genade veel voortrefliker omdat diegene wat in hulle Hoof ingelyf is, nooit van hulle saligheid afvallig word nie. Na aanleiding van die verwysing uit Maleagi wat ek so pas aangehaal het,[55] redeneer Paulus dus verstandig dat, wanneer God die verbond van die ewige lewe sluit en Hy 'n volk daarmee na Hom toe nooi, daarin in een opsig 'n besondere manier van uitverkiesing aanwesig is, naamlik dat Hy nie almal sonder onderskeid uit genade kragdadig uitverkies nie. Dat daar gesê word: "Jakob het ek liefgehad", A 339 het betrekking op die hele nageslag van die aartsvader wat die profeet daar teenoor Esau se nakomelinge stel. Dit verhinder nogtans nie dat 'n bewys[56] van die uitverkiesing in die persoon van een mens aan ons voorgehou is wat nie kan verdwyn sonder om sy eindpunt te bereik nie. OS 378 Paulus merk nie sonder rede op dat hulle[57] *oorblyfsels* genoem word

[53] Calvyn dring besonder sterk aan op die sekerheid wat gelowiges as lede van Christus oor hulle saligheid moet hê. In sy kommentaar oor 1 Kor. 1:9 sê hy byvoorbeeld: Dit kom kortliks hierop neer: dat dit 'n kenmerk van Christelike eerlikheid is om goeie hoop te koester vir almal wat tot dusver op koers gegaan en die reguit pad van saligheid betree het al sou hulle ook nog deur baie kwale omgewe wees. Elkeen van ons behoort trouens sedert die stadium waarin hy deur die Gees van God verlig is om Christus te ken, met sekerheid daaruit af te lei dat hy deur die Here aangeneem is om die ewige lewe te beërf. Want 'n kragtige roeping behoort vir gelowiges getuienis van God se aanneming te wees. Intussen moet almal egter met vrees en onrus wandel ... Wanneer 'n Christen sy oë op homself rig, het hy niks anders as rede om te beef of eerder te wanhoop nie. Omdat hy egter tot die gemeenskap met Christus geroep is, behoort hy nie anders van homself te dink wanneer dit om sy vertroue op sy saligheid gaan, as oor 'n lid van Christus nie, naamlik om al Christus se eiendom ook syne te maak. So sal hy ontwyfelbare hoop op doelgerigte volharding soos die uitdrukking lui, bewerk as hy daaroor nadink dat hy 'n lid van Christus is wat sonder gevaar van afvalligheid is (OC 49:312 - 313).

[54] Vgl. Rom. 9:7 - 8; Gal. 3:16, 19, 20. Vgl. OC 49:176; OC 50:211 - 213, 214 - 217.

[55] Vgl. Mal. 1:2 e.v.

[56] Fr.: *miroir* (Benoit 3:415).

[57] Fr. 1560: + *qui appartiennent au corps de Iesus Christ* (Benoit 3:415).

nie.[58] Ervaring toon immers dat uit 'n groot menigte die merendeel vergaan en verdwyn, sodat daar baie dikwels slegs 'n klein deeltjie oorbly.

Die rede daarvoor dat die algemene uitverkiesing van 'n volk nie altyd vas bekragtig is nie, is voor die hand liggend: dit is naamlik dat God nie dadelik aan diegene met wie Hy 'n verbond sluit, die Gees van wedergeboorte gee deur wie se krag hulle tot die einde toe in die verbond kan volhard nie. Die uitwendige verandering sonder die innerlike werking van die genade wat die krag het om hulle aan die verbond te hou, is egter iets wat midde tussen die verwerping van die mensdom en die uitverkiesing van 'n klein aantal godvrugtiges staan. Die hele volk Israel is *God se erfdeel* genoem[59] Baie van hulle was egter buitestaanders. Omdat God egter nie verniet die verbond gesluit het dat Hy hulle Vader en Verlosser sal wees nie, rig Hy sy oë eerder op sy onverdiende guns as op die ontroue afvalligheid van baie deur wie sy waarheid ook nie tot niet gemaak is nie. Omdat Hy egter daarin vir Homself 'n oorblyfsel behou het, was dit duidelik dat sy roeping sonder berou was.[60] Die feit dat God immers uit die kinders van Abraham eerder as uit onheilige volke vir Hom 'n kerk versamel het, berus daarop dat Hy sy verbond in ag geneem het omdat dit deur die menigte geskend is en Hy dit tot 'n handjievol beperk het sodat dit nie heeltemal tot niet moes gaan nie. Kortom: daardie algemene aanneming van Abraham se saad was 'n sigbare beeld van 'n groter weldaad wat God sommiges uit vele waardig geag het. Dit is die rede waarom Paulus die kinders van Abraham na die vlees so noukeurig van die geestelike kinders onderskei wat soos Isak geroep is.[61] Dit beteken nie doodeenvoudig dat om 'n kind van Abraham te wees 'n saak sonder betekenis en vrug was nie - dit is trouens iets wat nie sonder belastering van die verbond gesê kan word nie[62] -, maar omdat God se onveranderlike raadsplan waarvolgens Hy 'diegene voorbestem het wat Hy wou, uiteindelik op sigself eers tot saligheid vir hulle nakomelinge kragtig was.

Ek vermaan my lesers egter om nie in enige opsig bevooroordeeld te wees voordat ek Skrifgetuienis gelewer het sodat dit duidelik kan wees wat hulle gevoel hieroor moet wees nie. Ons sê dus wat die Skrif duidelik aantoon, naamlik dat God volgens sy ewige en onveranderlike raadsplan eenmaal vasgestel het wie Hy eenmaal tot die saligheid wil aanneem en wie Hy aan die ander kant aan die verderf wil uitlewer. Ons

[58] Vgl. Rom. 9:27; 11:5; Jes. 10:22 - 23. Vgl. OC 49:190 - 191, 214.

[59] Vgl. o.a. Deut. 32:9; 1 Kon. 8:51; Ps. 28:9; 33:12 en OC 31:285 - 286.

[60] Vgl. Rom. 11:29 en OC 49:228 - 229.

[61] Vgl. Gal. 4:28 en OC 50:240.

[62] Fr. *ce qui ne se peut dire sans faire iniure à l'alliance de salut, de laquelle ils estoyent héritiers quant à la promesse* (Benoit 3:416).

verklaar dat hierdie raadsplan sover dit die uitverkorenes aangaan, in sy
onverdiende barmhartigheid gegrond is sonder enige inagneming van
die mens se waardigheid. Ons verklaar ook dat die toegang tot die lewe OS 379
vir diegene wat Hy inderdaad aan die verdoemenis uitlewer, volgens sy
oordeel wat wel regverdig en onberispelik maar onbegryplik is, afgesluit
word. Verder bepaal ons tewens dat hulle roeping in die geval van die
uitverkorenes 'n getuienis van hulle uitverkiesing is. Voorts sê ons dat
die regverdigmaking die tweede teken is waarop dit aan hulle geopenbaar word totdat hulle die heerlikheid bereik waarin die vervulling
daarvan geleë is. Soos die Here egter sy uitverkorenes deur hulle
roeping en regverdigmaking merk, so maak Hy ook aan die verworpenes
òf deur hulle van die kennis van sy Naam òf van die heiligmaking van sy
Gees uit te sluit, asof dit met tekens is, bekend hoedanig die oordeel is
wat op hulle wag. Hier sal ek by die vele verdigsels verbygaan wat dwase
uitgedink het om die predestinasie omver te werp. Hulle het immers nie
'n weerlegging nodig nie, omdat hulle eie valsheid hulle voldoende aan
die kaak stel sodra hulle aan die lig gebring word. Ek sal my slegs besig OC 687
hou met die vraagstukke waaroor daar onder geleerdes getwis word of
wat vir eenvoudiges probleme kan oplewer of wat goddeloosheid
aanskoulik voorhou om God se geregtigheid te beledig.